# WEEK 8

| Week 8 | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| **Luister en praat (15 min. x 4 dae)**<br>**MK** | **Bespreek skool- en klaskamerreëls**: Onderwyser herhaal die skool en klaskamer se reëls.<br>**Mondelinge nuus**: Leerders gesels oor eie ervarings, soos naweeknuus.<br>**Instruksies:** Leerders luister na 'n verskeidenheid instruksies en reageer gepas daarop.<br>**Weerkaart**: Bespreek die weerkaart, kalender, dae van die week, maande van die jaar, vandag, gister en môre. | | | | |
| **Gesondheid en sport**<br><br>Temas vir die week gebaseer op die **LV-boek**. | Vertel naweeknuus aan die klas.<br>Leerders neem beurte om nuus oor te dra en luister met die nodige respek na ander. | Neem deel aan klasbespreking oor tema: **Skoon en netjies.**<br>Beantwoord vrae, luister na instruksies, rolspeel verskillende situasies, ens. | Dramatiseer gediggie in DBO LV-boek 1, bl. 25. Leerders neem beurte om die gediggie op te voer. | Neem deel aan klasbespreking oor tema: **Die weer waarvan ek hou.**<br>Beantwoord vrae, luister na instruksies, rolspeel verskillende situasies, ens. | |
| **Klanke (15 min. x 5 dae)**<br><br>**Klanke: m, p**<br><br>**FK HK KK** | Bekendstelling van klank: **m**<br><br>**Flitskaart:**<br>Wys vir die leerders die flitskaart en stel die klank bekend: Dit is hoe hierdie klank lyk en klink.<br><br>**Ouditiewe speletjie:**<br>• Leerders gee woorde wat met die klank begin.<br>• Luister na woorde en identifiseer die een met die m-klank aan die einde: *dam* of *dak; kas* of *kam; pan* of *lam*.<br><br>Vorming van die klank: **m**<br>Teken die klank met bordkryt groot op die vloer of grond. Maak 'n duidelike kol waar die klank begin. Laat leerders die klank loop. Voete wys die hele tyd in een rigting (vorentoe). Lyf moenie draai nie. | Hersien aangeleerde klanke:<br>**i s o n e a t v r u d w m**<br><br>Loop die m-klank op die vloer langs jou tafel.<br>Voltooi die werkkaart oor die m-klank.<br><br>**DBO**<br>Integreer met DBO-boek 1, bl. 90-93.<br><br>**CR**<br>Interaktiewe klankspeletjie – Vlak 0: Tippie leer m<br><br>Bou die volgende woorde met klankkaarte: *mis, min, dam, mat, met, mes, munt, rem, ram, tam, warm, wurm.* | Bekendstelling van klank: **p**<br><br>**Flitskaart:**<br>Wys vir die leerders die flitskaart en stel die klank bekend: Dit is hoe hierdie klank lyk en klink. Die padda spring af in die water en op die plant.<br><br>**Ouditiewe speletjie:**<br>• Leerders gee woorde wat met die p-klank begin.<br>• Leerders probeer om woorde te gee wat die p-klank aan die einde het.<br><br>Vorming van die klank: **p**<br>Teken die klank met bordkryt groot op die vloer of grond. Maak 'n duidelike kol waar die klank begin. Laat leerders die klank loop. Voete wys die hele tyd in een rigting (vorentoe). Lyf moenie draai nie. | Hersien aangeleerde klanke:<br>**i s o n e a t v r u d w m p**<br><br>Loop die p-klank op die vloer langs jou tafel.<br>Voltooi die werkkaart oor die p-klank.<br><br>**DBO**<br>Integreer met DBO-boek 1, bl. 86-88.<br><br>**CR**<br>Interaktiewe klankspeletjie – Vlak 0: Tippie leer p<br><br>Bou die volgende woorde met klankkaarte: *pen, pan, pad, perd, pap, pop, put, mop, dop, top, wip, pot.* | Hersien aangeleerde klanke:<br>**i s o n e a t v r u d w m p**<br><br>Flits die flitskaarte.<br>Laat leerders met hulle eie klankkaartjies die klanke soek en wys.<br><br>**Diktee:**<br>*pen, pan, pad, perd, pap, pop, put, mop, dop, top, wip, pot*<br>Skryf die woorde in die straatjies van klaswerkboek.<br>(Lyne is drie keer gevou, dus agt straatjies.) |
| **Handskrif (15 min. x 4 dae)** | **Pre-skryfaktiwiteit:**<br>Sensoriese skryf van nuwe klank: Skryf die m-klank in meel. Skryf ook drieletterwoorde soos: *mes, mat, mis, met, ram.* | **Skryfles in die klaswerkboek:**<br>Vou die blanko-boek se lyne drie keer. Laat leerders die m-klank korrek in die straatjies oefen.<br>m m m m m<br>m m m m m | **Pre-skryfaktiwiteit:**<br>Sensoriese skryf van nuwe klank: Spring springmielies ("popcorn") en laat leerders die p daarmee uitpak. | **Skryfles in die klaswerkboek:**<br>Vou die blanko-boek se lyne drie keer. Laat leerders die p-klank korrek in die straatjies oefen. Leerders moet onthou dat die p-klank 'n stertjie het wat onder die Tippie-straatjie hang.<br>p p p p p<br>p p p p p | |

<table>
<tr>
<td>Gedeelde lees<br>(15 min. x 5 dae)<br><br>HULPMIDDEL<br>van die week:<br>GB<br>Vlak 1: Grootboek 2<br>Hoezit: Spesiale diere</td>
<td>• Plaas leerders voor jou op die mat sodat al die leerders die teks kan sien.<br>• Laat leerders die prente op bl. 4 bestudeer en voorspel waaroor die teks gaan handel.<br>• Verduidelik aan die leerders dat hierdie ’n inligtingsteks is en dat hulle mooi moet luister, want hulle gaan baie leer.<br>• Lees die teks vlot en met gevoel voor aan die leerders.<br>• Vra dan vrae wat handel oor die teks.</td>
<td>• Plaas leerders voor jou op die mat sodat almal die teks kan sien.<br>• Lees die teks op bl. 5 vir die leerders, wat handel oor die verskillende soorte perde.<br>• Motiveer bespreking oor die illustrasies en interessanthede in die teks.<br>• Lig aspekte uit wat as fokus vir die teks gebruik kan word.<br>• Neem sinne/woorde uit die teks en breek dit op in woorde/lettergrepe.</td>
<td>• Plaas leerders voor jou op die mat sodat almal die teks kan sien.<br>• Wys vir die leerders die prent van ’n perd op bl. 6. Verduidelik aan die leerders dat dit die anatomie van ’n perd is. Verduidelik wat anatomie beteken.<br>• Lees die byskrifte een vir een vir die leerders.<br>• Wys dan na verskillende dele van die perd en kyk wie kan van die dele se name onthou.<br>• Gebruik die woorde om begin- en eindklanke te identifiseer en woorde op te breek in lettergrepe.</td>
<td>• Plaas leerders voor jou op die mat sodat almal die teks kan sien.<br>• Vra leerders om te probeer om die dele van ’n perd te onthou. Lees en wys na die teks terwyl jy die woorde lees.<br>• Vra leerders hoe hulle oor perde voel. Dink hulle perde is oulike diere?<br>• Teken ’n prent van ’n perd op die bord en laat leerders dit saam met jou teken, stap vir stap. Laat hulle byskrifte by die prent skryf.</td>
<td>• Plaas leerders voor jou op die mat sodat almal die teks kan sien.<br>• Gesels oor die prente van verskillende soorte perde op bl. 7. Bespreek hoe elke perd lyk. Verskil hulle? Wat is anders?<br>• Lees nou die teks by elke soort perd. Laat die leerders die woorde herhaal.<br>• Leerders moet begin- en eindklanke in die woorde identifiseer.<br>• Breek die woorde op in lettergrepe.</td>
</tr>
<tr>
<td>Lees vir genot<br>B</td>
<td colspan="5">Ben gaan skool toe (Fiksie: Verhaal), bl. 11-15<br>Lees vir genot moet so gereeld as moontlik aan die einde van elke dag plaasvind. Die onderwyser lees ‘n teks vir die leerders voor en vra vrae daaroor.</td>
</tr>
<tr>
<td>Groepbegeleide lees<br>(2 x 15 min. x 5 dae)<br>LB<br>Vlak 1: Boek 8<br>Tippie en die by<br>FK<br>Karakters, sigwoorde en fokusklank vir lees</td>
<td colspan="5">Les 1: Bekendstelling van nuwe storie/teks: Tippie en die by<br>• Hou die teks so vas dat die leerders kan sien, en bespreek die voorblad se titel en illustrasies.<br>• Voorspel waaroor die teks handel na aanleiding van die titel en voorblad.<br>• Onderwyser lees die teks vir die leerders.<br>• Leerders beantwoord vrae wat handel oor die teks.<br>• Onderwyser flits vier fokussinne vir die leerders. Bespreek die dele van ’n sin: hoofletter aan die begin, spasies tussen woorde en ’n punt aan die einde van die sin.<br>• Oefen om die sinne te lees.<br><br>Les 2: Lees en herhaal die nuwe storie: Tippie en die by<br>• Onderwyser hou die teks vas en wys met die vinger waar hy/sy lees. Die leerders herhaal die teks sin vir sin.<br>• Onderwyser haal die fokussinne uit en leerders herhaal die fokussinne een vir een.<br>• Elke leerder ontvang sy/haar eie leeskaart met die vier fokussinne op. Lees die leeskaart.<br>• Onderwyser vra die leerders om te wys na spesifieke woorde in elke sin, nie in volgorde nie.<br><br>Les 3: Leerders lees die nuwe storie onafhanklik: Tippie en die by<br>• Onderwyser hou die teks vas en die klas lees die teks saam.<br>• Leerders neem hulle leeskaarte en knip die fokussinne los.<br>• Elke leerder skommel sy/haar sinne, tel dit op in geen spesifieke volgorde nie en lees die sinne vir die onderwyser.<br>• Oefen die sinne vir huiswerk.<br><br>Les 4: Leerders lees weer die storie onafhanklik: Tippie en die by<br>• Onderwyser flits die fokussinne vir die leerders en leerders lees dit onafhanklik.<br>• Leerders neem hulle afskrifte van die fokussinne en knip die sinne los in woorde.<br>• Leerders skommel die woorde en lees dit een vir een.<br>• Leerders bou weer die sinne met die los woorde soos dit oorspronklik was.<br>• Onderwyser help die leerders om nuwe sinne met die losgeknipte woorde te bou.<br><br>CR Ekstra interaktiewe aktiwiteite en werkkaarte vir verdere vaslegging en inoefening vir Vlak 1 beskikbaar op Curious Readers.</td>
</tr>
</table>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **Les 5: Leerders haal hulle los woorde uit**<br>• Leerders bou die sinne soos dit oorspronklik was.<br>• Plak die sinne een vir een in die klaswerkboek.<br>• Kies een woord uit die fokussinne en laat leerders 'n prent daarvan teken. | | | | |
| **Fokussinne** | Ek kyk na die lap op die bed. Die by is op die lap. Die by kan nie op die bed bly nie. Die by is weg van my bed af. | | | | |
| **Groepindeling**<br>Lees fokussinne en gegradeerde leesboek | Groep 3 – stadige leerders<br>Groep 2 – gemiddelde leerders | Groep 1 – vinnige leerders<br>Groep 3 – stadige leerders | Groep 2 – gemiddelde leerders<br>Groep 1 – vinnige leerders | Groep 3 – stadige leerders<br>Groep 2 – gemiddelde leerders | Groep 3 – stadige leerders<br>Groep 1 – vinnige leerders |
| **Skryf**<br>**(20 min. x 3 dae)**<br>HK | Teken 'n prent oor naweeknuus in die kreatiewe skryfboek. | | Teken 'n prent van die storie: **Tippie en die by**. Laat leerders die titel van die bord af skryf. | | Gedeelde skryf: Teken 'n prent van een fokuswoord. |

Ek leer


# Mm



Ek oefen

m

Soek die prente wat met **m** begin en kleur dit in.






Kleur die m-klanke in.


| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| m | r | n | m | m | n | m | r | m | m |
| m | r | n | m | n | m | m | r | m | n |


Ek kan my klanke skryf.

m m m m m m m m

Kleur die regte woord in.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
|  | |  | |  | |
| mus | nus | mak | man | mes | nes |
|  | |  | |  | |
| mak | mat | mens | mes | mas | nar |




Soek die prente wat met **p** begin en kleur dit in.






Kleur die p-klanke in.

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| P | p | b | p | p | o | P | b | P | p |
| o | d | p | P | p | b | o | P | d | p |

Ek kan my klanke skryf.

p p p p p p p p p p

Kleur die regte woord in.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
|  | |  | |  | |
| pet | pot | pop | pap | pos | pas |
|  | |  | |  | |
| put | pit | pet | pen | pot | pop |